

## OOR DIE ONDERRIG VAN SOSIALE GESKIEDENIS EN RIGLYNE VIR SY METODIEK

*Inleiding: Sosiale Geskiedenis nog geen Universitêre Vak*

Toe mnr. Johannes Fourie, die rektor van die Graaff-Reinetsse Onderwysersopleidingskollege, my genader het om as gas van die Kaaplandse Onderwysdepartement die kursusgangers van 'n oriënteringskursus vir dosente in geskiedenis aan Kaaplandse Opleidingskolleges\* toe te spreek oor „die metodiek van die onderrig van sosiale geskiedenis”, het ek nie besef welke turksvy hy in my hande geplaas het nie. Eers toe ek daarvoor begin lees het, het ek bewus daarvan geword welke belangrike maar vir Suid-Afrika haas nog onverkende studiegebied ter sprake gaan kom.

Daar bestaan aan geen enkele universiteit in die R.S.A. 'n afsonderlike departement vir die studie van sosiale geskiedenis nie en geen opleiding daarin word gegee nie, laat staan dosering in hierdie erg verwaarloosde Aspoestertjie van historiese studie. Aan twee universiteite bestaan daar egter institute waarby iets van sosiale geskiedenis ter sprake kom, eerstens die *Institute for Social and Economic Research* aan die Universiteit van Rhodes en tweedens die *Institute for Social Research* aan die Natalse Universiteit. Aan R.A.U. is die Departement Geskiedenis sedert 1968 besig met 'n projek „Die Opkoms van die Afrikaner aan die Witwatersrand” wat, vanweë die uitgebreide veld eindelik slegs tot Johannesburg beperk gaan word. Daarin kom ook iets van sosiale geskiedenis ter sprake. Interessant om op te merk dat dié Institute, Projek en Stedelike Studies uit die aard van die saak *interdissiplinêr* is. Verskeie vakke met eie studieveld en metodes ontmoet mekaar in die veld van die „sosiale geskiedenis” en werp lig op die probleem van die mens in die samelewing van die verlede wat per slot van rekening die studieveld van die geskiedeniswetenskap is.

Wat van die Suid-Afrikaanse universiteite i.v.m. sosiale geskiedenis gesê is, en geoordeel aan die kriteria van akademiese dissiplines, geld ook die universiteite van Groot Brittanje: Sosiale geskiedenis as 'n aparte dissipline is deur H. J. Perkin in 1962 genoem die „Cinderella of English historical studies”<sup>1</sup> Hy wys daarop dat die nuwe Universiteit van Sussex aan die begin van die sestiger jare 'n leerstoel in „Social Studies” gekry het, wat beskou kan word as die eerste professoraat in sosiale geskiedenis in Groot Brittanje; ook aan enkele ander universiteite bestaan daar dosentskappe maar nie aparte departemente vir sosiale geskiedenis nie. Die universiteite van Europa en die V.S.A. was in dié opsig die Britse universiteite voor, waar sosiale geskiedenis as afsonderlike tak-dissipline van die geskiedenis beoefen word, maar dikwels in verband met Ekonomiese Geskiedenis soos die vak „Sosiale en Ekonomiese Geskiedenis” getuig. Die *International Review of Social History* wat in Amsterdam deur die

\* Voorlesing gehou op 18 Januarie 1972 op Graaff-Reinet.

1. In 'n artikel „Social History” opgeneem in H.P.R. Finberg (red.) se *Approaches to History*, Routledge and Kegan Paul, Londen, 1962, p.51.

„Internasionaal Instituut voor Sociale Geschiedenis” in Engels uitgegee word, en artikels en boekbesprekings behels, is die belangrikste inter-nasionale orgaan vir die sosiale geskiedenis.

'n Mens sal verder in die Westerse historiografie moet teruggaan om na die oorspronge van sosiale geskiedenis te soek. Dit is van belang om ons te toon dat ons begrip geskiedenis beperk en verouderd is waar ons daaronder in hoofsaak politieke geskiedenis verstaan wat die hoofdis van ons skoolgeskiedenis bevat. Met die onafhanklikheidswording van geskiedenis en sy vestiging as 'n aparte universitêre dissipline in Duitsland, aan die begin van die 19de eeu, het die „wetenskaplike” of „kritiese” geskiedskrywing sy verskyning gemaak, waarvan Barthold Niebuhr en Leopold von Ranke die grondleggers was, en lg. veral die grootmeester daarvan. Vir Von Ranke en sy volgelinge is onder „wetenskaplike” geskiedenis hoofsaaklik politieke, diplomatieke, institusionele en konstitusionele geskiedenis beoefen.

Namate die sosiale beweging wat saamval met die Industriële Rewolusie op die voorgrond gekom het, is die gesigsveld van die geskiedenis gedurende die tweede helfte van die 19e eeu verruim: Nie langer sou die geskiedenis om veral konings, prinse, pouse en staatsmanne wentel nie, maar ook om die volk, die „gewone mense” in hulle sosiale, ekonomiese en kulturele en intellektuele verbande. Ons dink bv. aan J. R. Green se *Short History of the English People* (1874), H. Pirenne se *Les Villes du Moyen Age* (1927) en G. M. Trevelyan se *English Social History, a Survey of six Centuries: Chaucer to Queen Victoria* (1942), waarin Trevelyan sosiale geskiedenis omskryf het as „the history of a people with the politics left out”. In sy werk beskrywe Trevelyan „die daaglikse lewe” van die inwoners van sy land waarin ekonomiese omstandighede, arbeidstoestande, kultuur en lewenswyse die hoofsaak vorm. In die V.S.A. het in die dertiger jare van die 20ste eeu o.l.v. A. Schlesinger snr. en D. R. Fox die belangrike reeks *A History of American Life* verskyn waarin die lewenswyse, kultuur en beskawing van die Amerikaanse volk ter sprake kom.

Reeds teen die einde van die 19e eeu het P. J. Blok sy sewe bande *Geschiedenis van het Nederlandsche Volk* die lig laat sien. In sy intree-rede wat in 1894 in Leiden gelewer is, nl. *De Geschiedenis als Sociale Wetenschap*<sup>2</sup> het Blok onder geskiedenis, „sosiale” geskiedenis verstaan, nl. „de geschiedenis der menselijke maatschappij” waaronder o.a. val staatkundige-, kerk-, regs- en kunsgeskiedenis, asook die geskiedenis van sedes en gewoontes, van denke en beskawing — 'n besonder ruim gesigsveld, wat vir hom beperk was tot die geskiedenis van sy eie vaderland. Sy rede is uitgespreek in 'n tyd van stryd oor die vraag wat die eintlike arbeidsveld van die geskiedenis is: die staatkundige of kultuurgeskiedenis, waarop hier nie ingegaan kan word nie.

Nader tuis kan ons wys op enkele werke wat die sosiale (en kulturele) geskiedenis in die visier het, soos o.a. *Het huiselik en maatschappelik*

2. J. B. Wolters, Groningen, 1894, p.6.

*Leven van de Zuid-Afrikaner*<sup>3</sup> van F. C. Dominicus, en *Social Life in the Cape Colony*<sup>4</sup> van C. Graham Botha. Albei boeke handel oor die sosiale lewe onder die Kompanjestydperk. P. J. van der Merwe het in sy trilogie *Die Noordwaartse Beweging van die Boere voor die Groot Trek, 1770-1842*<sup>5</sup>, *Die Trekboer in die Geskiedenis van die Kaapkolonie*<sup>6</sup> en *Trek*<sup>7</sup> 'n belangrike bydrae tot die sosiale, ekonomiese en kultuurgeskiedenis van die trekboerpionier gelewer, terwyl in *Ons Volkslewe*<sup>8</sup> van B. Spoelstra, *Kultuurskatte uit die Voortrekker-tydperk*<sup>9</sup> van G. H. van Rooyen en *Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek*, deel I *1838-1960*<sup>10</sup> van A. N. Pelzer lig gewerp word op die sosiale lewe onder pioniersomstandighede. In die *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner*<sup>11</sup> tree ook hier en daar sosiale aspekte uit ons volksverlede tevoorskyn. In sy *An illustrated social History of South Africa*<sup>12</sup> lewer A. F. Hattersley 'n werk oor die sosiale geskiedenis van dorp, stad en platteland op 'n breë front wat selfs sport, literatuur, kerk, skool, kuns, huise, meubels en lewenswyse insluit. Die lig val sterker op die Engelse as die Afrikanerlewe.

Van die kant van die Engelstalige historici het W. M. Macmillan in 'n vroeëre opstel, opgeneem in sy *Complex South Africa, an Economic Footnote to History*<sup>13</sup> die aandag gevestig op die gebrek aan 'n sosiale geskiedenis van Suid-Afrika — „Such a history of the people of South Africa remains to be written” het hy gekonkludeer, en in sy twee boeke *The Cape Colour Question*<sup>14</sup> en *Bantu, Boer and Briton*<sup>15</sup> die leemte gedeeltelik probeer uitwis. Sy leerling, C. W. de Kiewiet, noem Macmillan „South Africa's first and still most thoughtful social hisorian” en roem sy pioniersmetodologie wat die beoefening van die Suid-Afrikaanse geskiedenis ingrypend sou verander het. In De Kiewiet se *A History of South Africa, Social and Economic*<sup>16</sup> bou hy op Macmillan voort en skrywe dat nie die Stryd tussen Boer en Brit die kerntema van die Suid-Afrikaanse geskiedenis uitmaak nie, maar „the growth of a new society in which white and black are bound together in the closest dependence upon each other”. Die „sosiale” geskiedenis van Macmillan en De Kiewiet berus op wat eersgenoemde bevind het, nl. dat die Nie-blanke „an inevitable part of the national whole” is, en wie die Suid-Afrikaanse geskiedenis wil verstaan, moet die sosiale, ekonomiese en politieke afhanklikheidsverhouding van „Bantoe, Boer en Brit” betrek, 'n beginsel waaraan

3. M. Nijhoff, Den Haag, 1919.
4. Kaapstad, 1927, herdruk deur Struik, Kaapstad, 1970.
5. Den Haag, 1937.
6. Kaapstad, 1938.
7. Kaapstad, 1945.
8. Pretoria, 2e druk 1924.
9. Twee dele, Kaapstad, 1938-1940.
10. Kaapstad, 1950.
11. Drie dele, Kaapstad, 1945, heruitgegee in een band in 1968.
12. Kaapstad, 1969.
13. Londen, 1930.
14. Oxford 1927, heruitgegee Balkema, Kaapstad, 1968.
15. Oxford, 1929, heruitgegee, Oxford, 1963.
16. Oxford University Press, Londen, 1941.

die *Oxford History of South Africa*<sup>17</sup> met-sy leitmotiv van „inter-action” uitvoering probeer gee het.

Onder „sosiale geskiedenis” soos deur Macmillan en De Kiewiet beoefen, verstaan ons hier iets anders as wat die Afrikanerhistorici beoog het. Waar laasgenoemde *kulturele* aspekte in die oog het, het eersgenoemde *ekonomiese* aspekte en veral *menseverhoudinge* in die visier. Prof. S. Pauw se bekende *Die Beroepsarbeid van die Afrikaner in die Stad*<sup>18</sup> wat as *sosiologiese* studie bedoel is, staan nader aan Macmillan en De Kiewiet se rigting en het grootliks die eerste „sosiale” geskiedenis van die Afrikaner geword, waarin sy verstedeliking, die uitvloei van ’n ekonomiese en sosiale transformasie, ontleed word. Die verstedelingsproses hang ten nouste saam met bevolkingsverskuiwings en sosiale heraanpassing in die stad, waarin probleme soos landelike verarming, die armblanke-vraagstuk en sosiale, kulturele, godsdienstige, kerklike, lewens- en wêreldbeskoulike aangeleenthede ter sprake kom.

Om saam te vat, onder „sosiale geskiedenis” soos dit in die R.S.A. beoefen is, word verskillende dinge verstaan. Dit vind aansluiting by kultuur- en ekonomiese geskiedenis en bestryk dus ’n *grensgebied* binne die ryk van die historiese wetenskap, asook grensgebiede van afsonderlike vakke soos die ekonomie en die sosiologie. Die Suid-Afrikaanse historici het nog nie ’n sterk besef van sosiale geskiedenis as takdissipline van die geskiedenis ontwikkel nie, getuig die feit dat daar nog nie ’n aparte leerstoel daarvoor bestaan nie, en die feit dat in die *Select Bibliography of South African History a Guide for historical Research*<sup>19</sup> geen plek ingeruim is vir die sosiale geskiedenis as aparte onderwerp nie, maar tuisgebring is onder temas soos „The Peoples of South Africa, Origin and Growth”, „The non-White Races of South Africa”, „Race Contacts, non-White Policy and Administration”, „Economic History”, „Local Histories” en enkele ander onderwerpe. Vir die Suid-Afrikaanse historikus lê hier nog ’n groot veld van ondersoek braak, ’n vrugbare veld veral vanweë sy diversiteit aan mense uit verskillende nasies, wat deur verstedeliking in een samelewing byeengebring is.

Afgesien van die werk van Dominicus, Spoelstra, Botha, Van der Merwe, Pelzer en Hattersley, ontbreek daar nog ’n samehangende, breed-opgesette werk oor die „sosiale” geskiedenis van die Afrikaners wat betref hulle „alledagse” lewenswyse, lewensvorme, sosiale organisasie, omgangsvorme, gebruike, gewoontes en lewens- en wêreldbeskouing wat in verskillende fases deur die eeue heen veranderinge ondergaan het.

Die eerste fase sal die groot veranderinge moet aantoon in die alledaagse lewenswyse, lewensvorme en beskouing van die Europese immigrante soos teweeg gebring deur hulle kontak met die Suid-Afrikaanse veld, inheemse inwoners, die owerheid, ens., wat hulle tot „nuwe” mense, die „Afrikaners”, omvorm het; die verdere veranderinge wat deur die mobiele veeboer-trekboer se ervaringe in die geïsoleerde binneland

17. Oxford 1969-1971.

18. Stellenbosch, 1946.

19. C. F. J. Muller, F. A. van Jaarsveld en Theo van Wijk, Unisa, Pretoria, 1966.

teweeg gebring is; die veranderinge wat ingetree het deur die gevestigde na-trekse fase in sowel die twee Britse kolonies as Boererepublieke wat tot in die 20ste eeu strek, en ten slotte die ingrypende veranderinge van lewenswyse deur die oorskakeling van platteland na stedeling gedurende die eerste helfte van veral die 20ste eeu.

Soos die *veld* die eerste Europese immigrante in „nuwe” mense omvorm, en hulle lewenswyse en lewensvorme bepaal het, só het die *stad* as nuwe omgewing die landelike volk van „Boere” tot nuwe mense omskep — „stedelinge” — en opnuut ’n uitwerking op genoemde aspekte gehad, waartoe ook lewens- en wêreldbekouing, gedrag, omgangsvorme, gebruike en gewoontes bygevoeg kan word. Die mens moet homself vanuit sy omgewing begryp, en om sy herkoms te verantwoord die plattelandse pionierservaring kontrasteer met sy nuwe, maar korter stedelike ervaring.

Vir ’n enkele persoon sal so ’n studie ’n lewenstaak kan wees. Die aangewese weg is om onderdele deur studente te laat uitwerk voordat ’n groot sintese kan volg. Tot dusver het ons voorrang aan die politieke geskiedenis verleen. Deur die verwaarlosing van die sosiale, kulturele, volkskundige, ekonomiese, geesteshistoriese en ideëgeskiedkundige aspekte van ons geskiedenis het die Afrikaner tot dusver die groot onbekende van Suid-Afrika gebly en grotendeels as ’n „politieke dier” bekend geword.

## II

### *Wat is Sosiale Geskiedenis?*

Ook op die internasionale terrein bestaan daar verwarring oor wat onder sosiale geskiedenis verstaan word, en oor wat sy studieveld is. Waarna streef dié historikus, welke bronne gebruik hy en volgens welke metodes benader hy hulle? Hierdie vrae kan nie almal behandel word nie, maar ons behoort ten minste duidelikheid te hê oor die inhoud van die sosiale geskiedenis.

In 1884 het die Nederlandse sosiale historikus, P. J. Blok<sup>20</sup>, na wie hierbo verwys is, onder die geskiedenis van ’n volk „die ontwikkeling van sy maatskaplike toestande” verstaan, met inbegrip van die staatsinrigting en omstandighede wat invloed op die vorming van die staat uitgeoefen het, die godsdienstige denkebeelde, letterkundige beskawing, gevoel vir kuns, die volksmening aangaande reg en wet, die daaglikse lewenswyse en ekonomiese toestande — in één woord op die ganse samelewing soos hy hom by ’n volk ontwikkel het. Dit stel volgens Blok, hoë eise aan die sosiale geskiedkundige: „Hij mag geen vreemdeling zijn op het gebied van politiek, godsdienst, letteren, kunst, recht, staats-houdkunde, statistiek”. ’n Langdurige voorbereiding is daarom nodig vir die navorser wat hom besig hou met ’n ondersoek na die ontwikkeling van maatskaplike toestande. Hy beperk hom derhalwe tot die vaderlandse of „volksgeschiedenis” wat handel oor die denke, arbeid, daaglikse lewe, geloof, behoeves en gewoontes van die voorouers, en waarin

20. *Het Doel van de Beoefening der Geschiedenis*, M. Nijhoff, Den Haag, 1884, p. 14-15.

die politiek nie voorrang geniet nie. Hy skryf: „Wanneer wij onze voorouders en hunne maatschappij kennen, dan zullen wij beter leeren begripen, *waarom* wij waardig zijn eene natie te vormen; dan zal onze vaderlandsliefde niet een holle klank blijven of op zijn hoogst een onbepaald gevoel, waarvan wij de oorzaak niet meer beseffen, maar wij zullen begripen, *waarom* wij ons land liefhebben, *waarom* wij onze onafhanklikheid willen verdedigen, *waarom* het ons veel waard is Nederlanders te zijn en te blijven.

Waarin bestaan die studie van die sosiale geskiedenis vandag? Volgens H. Baudet, 'n Nederlandse historikus, het die sosiale geskiedenis ontstaan uit die ontmoeting van die „algemene” geskiedenis, die ekonomie en die jonge sosiale wetenskappe, insonderheid die sosiologie, en sy karakter is in beslissende mate bepaal, en word bepaal deur die betrekkinge tot dié drie wetenskappe aan sy grense<sup>22</sup>. Volgens die Duitser, H. Proesler, is sosiale geskiedenis die „samehangende daarstelling van die gesamentlike historiese verloop onder die gesigspunt van die sosialiteit”<sup>23</sup>. Oor die vraag wat „sosaliteit” of die „sosiale gesigspunt” is, bestaan daar egter verskil in mening. G. M. Trevelyan se opvatting dat sosiale geskiedenis moet wees „geskiedenis met uitsluiting van die politiek” is vir Baudet onaanvaarbaar; ook sy verdere omskrywing gaan volgens Perkin nie ver genoeg nie, nl. die alledaagse lewe van die inwoners van 'n land in die verlede wat insluit sowel menslike as ekonomiese verhoudinge van verskillende klasse tot mekaar, die aard van die familie- en huishoudelike lewe, die toestand van arbeid en ontspanning, die houding van die mens tot die natuur, die kultuur van elke tydperk soos dit voorkom uit die algemene lewensvoorwaardes, en altyd veranderende vorms aanneem in die godsdiens, literatuur, musiek, argitektuur, geleerdheid en denke”<sup>24</sup>.

H. J. Perkin bevind dat sosiale geskiedenis „niks meer en niks minder is nie as die geskiedenis van die samelewing”; die doel van die sosiale historikus is „the understanding of the life of men in the past, in its setting of society and institutions”<sup>25</sup>. Dit is maar net 'n soort geskiedenis wat soos alle geskiedenis gemoeid is met konkrete gebeurtenisse in 'n besondere tyd en op 'n besondere plek. Dit gaan nie soos in die ekonomie of in die sosiologie om 'n soeke na „praktiese” of toegepaste kenne, deskriptiewe „wette”, voorspelbare tendensies of veralgemeninge nie: Van die sosiologie verskil dit presies soos die ekonomiese historikus van die ekonoom. Maar ekonomiese én politieke handeling is nie die eerste bemoeienis van die sosiale historikus nie: hulle kom in anmerking slegs as hulle sosiale aktiwiteite en instellinge raak, aldus Perkin.

„Enige menslike aktiwiteit het 'n sosiale aspek” volgens F. Dovring<sup>26</sup>, of soos Aristoteles dit gestel het, is die mens 'n „sosiale dier”. Hy wil

22. *Historie en menselijke Verhoudingen*, Van Gorkum Assen, 1956, p. 9.

23. *Hauptprobleme der Sozialgeschichte*, Erlangen, 1951. p. 13.

24. *English Social History*, 1944, p. vii.

25. In Finberg, *Approaches to History*, p. 59.

26. *History as a Social Science*, M. Nijhoff, Den Haag, 1960, p. 1.

weet hoe hy geword het soos hy is, en hier gekom het. Soos H. J. Perkin dit stel: Ons wil nie net weet watter wette gemaak of slae gelewer is, of selfs hoe mense 'n bestaan gemaak het nie, maar hoe dit voel om te leef, hoe die mense in die geskiedenis — nie bloot konings en pouse, staatsmanne en miljoenêrs nie — gelewe, gewerk, gedink en hulle tot mekaar gedra het<sup>27</sup>. Dit gaan nie net om 'n klasse-hierargie in die samelewing nie, maar die sosiale historikus rig hom ook op die gegewe sosiale element waarin 'n individu gebore is: die omvang en vorm van die samelewing, d.i. die bevolking en sy verspreiding deur geografie en tydperk; beroep en sosiale posisie, die struktuur van instellinge; van huwelik of erfenisgewoontes, kontrak of indienseneming; die komplekse assosiasies soos familie, kerk, skool, hospitaal, klub, vakvereniging, professionele liggaam, fabriek, politieke party of regeringsliggaam, maar in, en *slegs* in hulle *sosiale* aspekte, waarbinne of waaromheen die individu beweeg en bestaan<sup>28</sup>.

Die geskiedenis van die samelewing is egter nie die geskiedenis van enigiets wat in die samelewing plaasvind nie: die sosiale historikus kan nie die hele samelewing gelyktydig oorskou nie: hy moet sy onmiddellike doel in die oog hou, nl. „the understanding of the life of men in the past, in its setting of society and institutions”<sup>29</sup>. Dit gaan om die *vrae* wat die sosiale historikus aan die menslike samelewing van die verlede vra, en dáárin verskil hy van die historici wat in ánder historiese gebiede werksaam is. Soos Lucien Febvre dit gestel het, die objek van die sosiale geskiedenis is „die mens in al sy sosiale funksies”<sup>30</sup> waarvan die grondslag is die menslike gees, mentaliteit, psigologie, moraal met enige ander motiewe in afhanklike verband daarvan. Volgens Perkin hoef die sosiale historikus egter nie 'n „ekspert” te wees op die gebied van elke moontlike menslike handeling nie, soos bv. die ekonomie, sosiologie, finansies, tegnologie of literêre kritiek nie. Hoe wyer hy belese is, hoe makliker hy sy *vrae* aan die samelewing van die verlede toets en hom aan sy sentrale tema hou, nl. die *sosiale implikasie* van die menslike handelinge, instellinge of wetgewing. Dit Britse historikus, G. R. Elton, noem sosiale geskiedenis die ontleding en beskrywing van die reëlings waardeur die mens in die verlede in geordende groepe saamgeleef het<sup>31</sup> terwyl die Nederlandse geskiedkundige, G. J. Renier, dit noem die antwoord op die vraag: „Hoe het die mense in die verlede gelewe?”<sup>32</sup>.

Uit voorgaande blyk hoe moeilik dit is om die ondersoekgebied en doel van die sosiale geskiedenis te omskryf. Geen uitputtende definisie skyn moontlik te wees nie. Die samelewing is 'n ondeelbare geheel en die sosiale historikus moet dit as 'n *geheel* sien, d.w.s. dit is méér as net 'n studie van die „daaglikse lewe” van sy lede. Wat egter duidelik

27. Finberg, *Approaches to History*, p. 81.

28. Finberg, a.w., p. 64.

29. *Ibid.*, p. 59.

30. Baudet, a.w., pp. 21-22.

31. *The Practice of History*, Londen, 1967, p. 16.

32. *History, its Purpose and Method*, Londen, 1950, p. 73.

is, is dat die resultaat van die ondersoek van die sosiale historikus sal afhang van die soort vrae wat hy aan die samelewing van die verlede stel.

Hierdie uiteensetting van die problematiek rondom die vraag wat sosiale geskiedenis is, mag vir die onderwyser in geskiedenis as irrelevant voorkom, tog gee dit ons 'n kykie in die wydheid en gekompliseerdheid van die studieveld van die geskiedenis as sodanig, en bring dit ons onder die besef dat „geskiedenis” soos ons dit onder die skoolleergange verstaan, nie uit bloot politieke, konstitusionele, ekonomiese, vaderlandse of inter-nasionale geskiedenis bestaan nie.

### III

#### *Sosiale Geskiedenis op Skool*

Wie die nasionale kernleergange vir geskiedenis aan die Suid-Afrikaanse skole nagaan, sal opmerk dat daar nie ruimte gelaat word vir „gespesialiseerde” geskiedenisgebiede soos bv. „kultuurgeskiedenis” of „sosiale geskiedenis” náas politieke of ekonomiese geskiedenis nie. In die Kaaplandse en Vrystaatse leergange vir die senior sekondêre kursus is plek ingeruim vir die „ekonomiese ontwikkeling” in Suid-Afrika gedurende die 20ste eeu. Die leergange van die primêre sowel as sekondêre skole berus op die konsep dat politieke, of staatkundige en konstitusionele geskiedenis die ruggraat van die geskiedenis as vak is, wat uit die aard van die saak korrek en verstaanbaar is, want dit verskaf die struktuur van 'n indeling, aan die hand waarvan 'n mens die groot ontwikkelingslyne van vroeë tye tot vandag toe kan volg. Omdat die geskiedenis as vak *die mens in die sameling van die verlede* tot objek van studie het, spreek dit vanself dat politieke en konstitusionele geskiedenis maar één sektor daarvan is. Die leergange maak egter ook voorsiening vir ánder aspekte van die mens se verelde soos die ekonomiese, die sosiale en ideologiese, maar dié vorm onderdele van groter temas en is nie doel op sigself nie. Sulke aspekte dien om die groter politieke stromings te belig, en om die skolier iets van die andersoortigheid van verbygegangene samelewings te laat sien.

Dit is interessant om te sien hoe die „sosiale” geskiedenis in die leergange met die „algemene” geskiedenis geïntegreer word. In die „algemene beginsels en doelstellings” van die geskiedenis soos in 1966 omskryf in die amptelike leergang vir geskiedenis in die laerskool deur die Transvaalse Onderwysdepartement word o.a. op bladsy ses as doel van die onderrig gestel „om op stelselmatige en simpatieke wyse die instellings, die tradisies, volksgewoontes en gebruike, historiese oorblyfsels en prestasies en alle geestelike en kulturele waardes van die mens van die verlede sowel as van die hede te leer ken en agting en waardering te hê vir die nalatenskap van die voorgeslagte”.

As doelstelling vir st. I word vereis „om die leerling bewus te maak van die ontstaan, ontwikkeling en betekenis van sy skool, stad, dorp of plaas” — omgewingsleer, met 'n sterk „sosiale” inslag. Vir st. II word „lewende skakels met die verlede” vereis, soos monumente, oudhede in museums, foto's, name van dorpe, distrikte, berge en riviere”, en as



leerstof o.a. vervoermiddels, posdiens, telefoon en telegraaf, plaasgereedskap, kleredrag, voedsel, ontspanning, kookgereedskap en kookgeriewe, gesondheidsdiens, die lewe van jagters, smouse en ontdekkers, en die leefwyse van die vroeë Bantoe — alles uit die geskiedenis van die eie distrik en provinsie.

In die st. III-leergang kom onder die Kompanjestyd voor die „daaglikse lewe en moeilikhede van die eerste pioniers en „die leefwyse van die Blanke en Nie-blanke bewoners in en om die Kaap gedurende die 18e eeu.” In die st. IV-leergang word verwag „om die leerling deur ’n studie van belangrike sosiale, wetenskaplike en ekonomiese ontwikkelinge, ’n breë insig te gee in wêreldgebeure wat direkte verband met ons hedendaagse lewe het”. Iets van sosiale aard kom voor in die Hottentotte as plaasarbeiders en wetgewing om hulle te beheer, die „sosiale en ekonomiese toestande” in Brittanje wat tot die koms van die 1820-Setlaars gelei het, „die lewe” van die pioniers in Natal, die „leefwyse” en „daaglikse lewe” van die Zoelokoning en die sosiale voorbereiding vir die Groot Trek — o.a. „die bedrywighede die laaste dag”, „die laaste nag op die plaas” en „die eerste dag op trek”, waarin sosiale verhoudinge en alledaagse benodighede ter sprake kom.

In die st. V-leergang word bogenoemde doelstelling herhaal, op „verbindingsmiddele” in die Kaapkolonie gewys en vereis dat behandel word „die alledaagse lewe op die diamantvelde: toestande, vermaaklikhede, transportryers en smouse”. Ook moet op die „veranderde huislike omstandighede” van die Bantoe wat na die mynkampe gestroom het, gewys word. „Die lewe in die tentdorp”, Johannesburg, word voorgeskryf en „’n dag in die lewe van ’n Britse soldaat en ’n Boerekrygsman” gedurende die Tweede Vryheidsoorlog. Dit dek wat onder „sosiale geskiedenis” op die laerskool verstaan kan word. Die doel is om die mens in sy alledaagse lewe in historiese verband aan die skoliere voor te stel.

Tot dusver die laerskool waarvan st. V binnekort sal moet afskeid neem, aangesien dié standerd na die junior sekondêre skool verskuif gaan word. Hier moet nog een opmerking oor laerskoolgeskiedenis gemaak word en dit raak veral sts. I tot IV. Vanuit die psigologie van die kind moet gekonstateer word dat junior leerlinge in *mense* geïnteresseer is, in hoe hulle gelewe, gewerk en hulleself vermaak het. Hulle is nie geïnteresseer in politieke of ekonomiese bewegings nie, ook nie in veralgemeninge of ontleding van die menslike gedrag soos oorsake van oorloë, wette en instelling nie. Hulle wil graag verneem van besondere *mense* en hoe hulle gelewe het.<sup>33</sup> Miskien behoort die bestaande leergange van die laerskool hierdie beginsel sterker te beklemtoon en duideliker te omskryf. Die aanraking met *mense* en hulle alledaagse lewenswyse sal die verbeelding van die leerlinge verryk.

In die st. VI-leergang vind ons ’n afdeling oor die aankoms en verspreiding van die Suid-Afrikaanse bevolking waaronder sosiale aspekte

33. Vgl. hieroor R. J. Unstead, *Teaching History in the Junior School*. Black, London, 2de druk, 1959.

ter sprake kan kom, asook onder die afdeling immigrasie onder Van de Stel, die verfraaiing van Kaapstad onder Tulbagh (prag- en praalwette) en die eeu van die veeboer. Ook hier sal veel afhang van wat die skoolboekskrywer en onderwyser daarvan gaan maak. Hoewel nie in woorde uitgedruk nie kan onder die st. VIII-leergang ook onder die Groot Trek en Republikeinse tyd sosiale aspekte van die pioniersgeskiedenis behandel word („uitbreiding noordwaarts”) sowel as die maatskaplike gevolge van die ontdekking van diamante en goud, maar dit word nie by name in die leergang genoem nie.

In die st. VIII-leergang kom iets van sosiale geskiedenis onder die aandag by die behandeling van die nywerheidsomwenteling in Brittanje en in Suid-Afrika na 1910, hoewel dié tema eng verweef is met die ekonomiese geskiedenis. Dit sluit nie die „allegaagse lewe” in nie. Waar die beleid van Afsonderlike Ontwikkeling voorgeskryf is, kan op die sosiale aspek van die verhoudinge in ’n veelvolkige samelewing gewys word, asook waar die Bantoe in die stede, reservate en op plase behandel word.

In die senior primêre leergang word ’n bietjie sosiale geskiedenis vereis in die „maatskaplike” oorsake van die Franse Rewolusie (soos ook in st. VIII) terwyl die binnelandse hervorminge van Napoleon op „maatskaplike” gebiede voorgeskryf is — altans volgens die Transvaalse amptelike departementele detaillering. Die 1830- en 1848-omwentelinge kan moeilik begryp word sonder om na die maatskaplike omstandighede te verwys. Onder die afdeling „demokratisering” as ’n uitvloeisel van industrialisering word die „ekonomiese en maatskaplike gevolge” van die Nywerheidsomwenteling as ’n vereiste gestel: die trek na die stede, agterbuurttoestande, sosiale wetgewing en arbeidsverhoudinge moet o.a. behandel word, wat die skolier vierkantig in die veld van ’n afdeling van die sosiale geskiedenis plaas. Onder „Chartisme” en die *Reform Act* van 1832 moet na die maatskaplike toestande verwys word. Die opkoms van die wêreldmoondhede kan nie begryp word sonder om na hulle maatskaplike toestande te verwys nie; dit geld die intrede van die Industriële Rewolusie en die verstedeliking van die V.S.A., die Japanse aanraking met die Westerse lewenswyse en tegnologie en die maatskaplike toestand in Rusland wat na die Rewolusie van 1917 en die heropbou daarna gelei het.

In die Vaderlandse geskiedenis van die 19e eeu word nêrens na „maatskaplike” of sosiale geskiedenis verwys nie, hoewel dit tuisgebring kan word by die lewenswyse van die veeboer-trekboer-pionier en die gevolge van die intrede van die mynobouewolusie teen 1870 en 1886. Soos opgemerk, bied die afdeling „hedendaagse Suid-Afrika” die geleentheid om sosiale geskiedenis te behandel soos bv. onder „verstedeliking” van Blank en Bantoe, maar dit word nie in die leergang by name genoem nie, en dié afdeling ressorteer onder die ekonomiese geskiedenis.

In die inleiding tot die leergange van die middelbare skool word o.a. as doelstelling met die onderrig van geskiedenis gestel kennis van die „hedendaagse leefwyse” in Suid-Afrika: die skolier moet die verband

kan sien tussen dié leefwyse en die leefwyse van sy „voorvaders”. Hy moet leer insien „dat die mens se bedrywighede en leefwyse in werklikheid pogings is om hom by sy omgewing en landsomstandighede aan te pas en dit te wysig en ’n lewenspatroon te skep wat hom in staat stel om met ander in ’n gemeenskap saam te lewe” — in sigself ’n *sosiale ideaal* wat deur die onderrig van geskiedenis verwerklik moet word, ’n ideaal wat, by die gebrek aan ’n besef van die betekenis van sosiale geskiedenis, nie heeltemal deur die inhoudsvereistes van die leergang gedek word nie.

Die Kaaplandse skoliere is meer bevoorreg as die Transvaalse omdat lg. in sy senior primêre leergange nie iets oor verstedeliking opgeneem het nie. Die grootste enkele faktor wat ons lewenswyse in die 20ste eeu verander het, is die ekonomiese transformasie wat op die mynbou- en industriële rewolusie gevolg het, waardeur daar ’n verandering in die demografiese opset van die land ingetree het: Die ekonomiese veranderinge het tot die trek na die stede gelei van Afrikaner en Nie-blanke, veral die Bantoe, daardeur ’n skielike en radikale breuk gebring met hulle verlede en nuwe aanpassings vereis wat ’n ontwortelende, verwarrende en ontwrigtende uitwerking gehad het op hulle tradisionele plattelandse lewenswyse, gewoontes, gebruike, lewensopvatting, wêreldbeskouing, godsdiens, sedes, moraal en kultuur. Hierdie verandering is binne die korte tyd van sowat ’n halfeeu voltrek.

Soos die *veld* blanke immigrante uit Europa hier tot ’n nuwe mens, „die Afrikaner”, gemaak het, so ook het en sal die stad as *nuwe omgewing* al voortgaande sy Afrikaner-inwoners tot ’n „nuwe mens” omvorm, die Stadsafrikaner, wat hom as ’n vreemdeling op die platteland — sy plek van herkoms — gevoel. Die Afrikanervolk is op die platteland gebore maar het na die stede verhuis. Een wat die Afrikaner in die tweede en derde geslag as stedelinge geld, geld ook die ontstamde stedelike Bantoe wat tot die grootste huishoudelike vraagstuk in Suid-Afrika gelei het. Die toekoms van Suid-Afrika is trouens gemoeid met wat in die groot stede, veral Johannesburg en sy Randse satelliete gaan gebeur.

Dit is dikwels die gebruik om op skool twee *tableu's* voor te stel: eerstens die afskeid van die Voortrekker en tweedens ’n toneel in die konsentrasiekamp. Albei *tableau's* lê egter aan die „onderkant van die bult” — die 19e eeuse voorindustriële en vóórvreemdelikingstydperk, dus in die landelike pioniersfase. Het die tyd nie aangebreek om ook met twee nuwe *tableau's* voor die dag te kom nie: die eerste waarin die plattelandse bywonerboer van die vroeg 20ste eeu sy „laaste aand” in sy plaashuis deurbring, voordat hy die volgende dag na die *stad* toe trek, en die tweede waarin so ’n boer in die agterbuurte van ’n stad in sy armoedige vertrek voorgestel word, en aankondig dat hy nie „werk” kon kry nie en sy vrou en kinders honger bed toe moet gaan. Dit is immers ook „sosiale geskiedenis” in ’n moeilike pioniersfase van ons volksverlede. Terwyl die Voortrekkerpionier sy plaas verlaat het, was daar die vooruitsig dat hy iewers in die Noorde ’n *nuwe* plaas sou kon verkry, maar die tragedie met die vroeë Afrikanerstadspionier was dat hy „die plaas” *vir goed* verlaat het — in die stad sou hy na ’n

stand-„plaas” moes soek, waarop hy nie sy tradisionele lewenswyse sou kon voortsit nie — dié was met sy verstedeliking *vir goed* verby.

Die opstellers van leergange sal meer bewus moet wees van die groot maatskaplike verandering en behoort derhalwe met groter duidelikhed riglyne daarvoor in die leergange aan te dui — vir sowel die laeras hoëskool. Die skoliere behoort hulle stedelike omgewing te leer ken, te weet wát stad is, *hoe* die stede ontstaan het, waarom en hoe sy voorouers as pioniere na die stad gekom het, waar hulle gevestig is, met watter aanpassings- en selfhandhawingsprobleme hulle te doen gekry het, hoe en waarom hulle hul identiteit behou het, hoe die stad hulle lewenswyse geraak het, en welke probleme van geestelike, kulturele, maatskaplike, ekonomiese, sedelike, godsdienstige en politieke aard hulle te wagte was.

#### IV

##### *Oor die Didaktiek van Sosiale Geskiedenis*

Dit is nie sinvol om oor riglyne vir 'n metodiek van sosiale geskiedenis te praat as daar nie vooraf duidelikhed bestaan oor die didaktiek van die onderdeel van die vak nie. Ons moet in ag neem dat „sosiale geskiedenis” nooit as 'n volwaardige onderafdeling van „die geskiedenis” op skool voorgeskryf en behandel sal kan word nie. Dit sal steeds by onderafdelings ter sprake kom, nie as doel in homself nie, maar as 'n middel tot 'n doel, dit is, die beter en vollediger begrip van die groter strominge, in die geskiedenis, hetsy politiek of ekonomies. Die samelewing van die verlede is 'n ondeelbare geheel en binne hom bestaan daar samehange tussen die verskillende aspekte van die menslike bestaan, lewenswyse, handelinge, denke, uitsprake en lyding.

Nie al die geleerde redenasies oor die studieveld, inhoud, doel en metode waarna bo verwys is, kom in aanmerking by „sosiale geskiedenis” op skool nie: daarin geld die eenvoudige verhaal van die „alledaagse lewenswyse” van mense in *ons* verbygegane vroeëre samelewing, maar ook die soorte samelewings in ánder lande waaruit maatskaplike, ekonomiese, konstitusionele en politieke veranderinge tevoorskyn gekom het, om maar aan die Franse of Russiese Rewolusies te dink. En hierby kan gereken word die sosiale geleding van ons eie en ánder samelewings, ook die maatskaplike veranderinge wat gevolg het op ekonomiese en politieke gebeurtenisse soos byvoorbeeld die verandering van 'n landelike na 'n stedelike lewenswyse. Wanneer daar na die „alledaagse” lewe en maatskaplike groepe in die 18e eeuse veeboer-trekboerpionierstyd, dié van die Groot Trek en ou Republieke verwys word, kan, by 'n *vergelyking* met die huidige verstedelike lewe, tot 'n *beseft* gekom word van die *veranderinge* wat ons volk op maatskaplike en ekonomiese gebied in sy geskiedenis ondergaan het.

Verandering is die wese van geskiedenis. Die *kontrastering* van verlede en hede kan die skolier help om 'n *historiese bewussyn* en selfbegrip te ontwikkel. Ons huidige kleredrag, gebruike, opvattinge, gewoontes by bruilowwe, begrafnisse, nagmaal, skool- en kerkgewoontes, mediese

versorging, vermaak, sport en ontspanning, kuns, literatuur, voedsel, dag-roetine, verhouding van ouer tot kind, vrygewoontes, verhouding tot bedienendes, arbeid, woonhuise en modes staan in *kontras* met dieselfde dinge uit die verlede. Word ons *bewus* van ons eie by vergelyking met die verlede, lei dit na begrip van wát geskiedenis is, nl. *verandering* waarin die *tyd* 'n rol speel. Alle veranderinge ten grondslag, lê die *tyd* en dié gaan voort en sal nog verdere veranderinge in die *toekoms* bring.

Die teëstelling wat in die sosiale geskiedenis in vroeër dae in die vaderland en buitelandse samelewings met die huidige opgemerk word, lei tot bewuswording van die *eienaardige* in die *eie* van vandag, en stel die skolier in 'n verhouding van liefdevolle begrip vir dit wat wás, wat hóm voorafgegaan het: hy leer om dinge as 'n voortgaande stroom te sien waarvan hy aan die eindpunt staan. Dan ontstaan waardering vir dit wat was, word insig verkry in ons eie lewe, dus tot selfbegrip én tot begrip van ánder oorgegaan. Begrip van ánder, omdat die eie land uit 'n mosaïek van nasies, volk en andersoortige kultuurgroepe bestaan met eie erfenisse uit die verlede. Dit kan help om tot bewuswording oor te gaan van die eie, besondere identiteit en die wil kweek om dit in stand te hou en te handhaaf vir die toekoms. En hier moet ek hierinner aan die uitspraak van P. J. Blok, waarna bo verwys is.

Dit sou egter dwaas wees, én onhistories, om by vóórkennis van die maatskaplike toestande van bv. die Franse, Russiese en ánder Rewolusies 'n voorspelling te wil waag oor die *politieke toekoms* van die R.S.A. op grond van sy huidige maatskaplike samestelling en ekonomiese verhoudinge wat sy veelvolkige aard betref. Dit is wat „sosiale wetenskaplikes”, soos sosioloë en volkekundiges, maar veral staatsleerkundiges van sowel binne- en buite Suid-Afrika graag vandag doen. Van hulle „voorspel” dat 'n sosiale en politieke „ontploffing” noodwendig moet kom, wat die bestaande sosiale, ekonomiese en politieke orde sal vernietig — 'n gewelddadige „verandering” dus — wat 'n nuwe, idilliese, veelrassige saambestaan tevoorskyn *sal* bring. Die skolier en student moet steeds *sosiaalbewus* gemaak word, maar tegelyk ook onder die besef gebring word dat die geskiedenis, ook die sosiale geskiedenis, nie na voorspellinge lei nie: sy objek bly steeds die *besondere* samelewing uit 'n *besondere* tyd in 'n *besondere* land of plek. Vir die geskiedkundige gaan dit om die onherhaalbare, eenmalige en partikuliere in die verlede.

## V

### *Riglyne vir die Metodiek van Sosiale Geskiedenis*

Om nou by die riglyne vir die metodiek van sosiale geskiedenis te kom: daar kon geen enkele handboek oor die onderrig van „sosiale geskiedenis” op skool as sodanig gevind word nie. Moontlik sal dit tot teleurstelling lei om so 'n lang „inleiding” aan te gehoor het en van so weinig „metodiek” te verneem as wat hier aangebied word. Ons moet onthou, sosiale geskiedenis is ook geskiedenis en die beginsels vir die gewone metodiek van geskiedenis is ook van toepassing op dié studiegebied. Maar daar is dié verskil dat die sosiale geskiedenis minder abstrak

is as byvoorbeeld die politieke, ekonomiese en konstitusionele geskiedenis en veel meer *konkreet*, konkreet in dié sin dat dit nader aan „die lewe” staan en bowendien gekoppel kan word aan *tasbare objekte* soos bv. ’n huis, huishoudelike ware, kledingstukke en gebruiksvorwerpe. Per slot van rekening, ons leef nog steeds as mense *in* ’n samelewing en *het* gewoontes, gebruike, omgangsvorme, ’n instelling soos die *kerk* byvoorbeeld, en dies meer, wat daar ook in die verlede bestaan het, hoewel in ’n ander vorm, en wat by vergelyking met die eie tyd van verandering getuig. Hierteenoor kom en gaan politieke en ekonomiese gebeurtenisse. ’n Voortrekkerrok en kappie en tonteldoos *is* meer konkreet as die idee van „nasionalisme”, die Renaissance” of die „Franse Rewolusie” wat nie tasbaar is nie. Die probleem is dat nie orals ’n Voortrekkerrok, kappie en tonteldoos beskikbaar is nie, en die museum wat konkrete objekte huisves, is nie altyd beskikbaar nie.

Ook moet in gedagte gehou word dat die metodiek vir „sosiale geskiedenis” bepaal word deur die ouderdomsfases en *psigologie* van die skolier waarvan daar stedelike náás plattelandse bestaan: wat vir die een „abstrak” sal wees, sal vir die ander meer konkreet wees omdat dit binne sy ervaringsfeer lê. Maar die „trekboer”-pionier bestaan nie meer vir aanskouing vir enigeen van beide tipes leerling nie, sodat dié besondere soort mens uit die verlede in sý samelewing aan albei verstaanbaar en aanskoulik gemaak moet word, óf deur die gesproke woord óf die tekening, model en objek.

In die aanbieding van „sosiale geskiedenis” moet die *psigologiese* ouderdomsfases van die kind steeds in ag geneem word.<sup>34</sup> En hier kom twee sake ter sprake, eerstens die ontwikkeling van die *tydsbeleving* van die kind en tweedens die ontwikkeling van sy vermoë om geskiedenis — iets buite sy ervaringsfeer in ’n ánder tyd — te leer *verstaan* of te begryp. Geskiedenis — ook sosiale geskiedenis — is *tyd-geordende herinnering* van die mens: die onderwyser kan die verlede „teenwoordig” stel, en hoewel hý besef dis ’n afgelope werklikheid, besef die kind in sy eerste vier skooljare (gr. I — st. II) dit nie: hý dink *konkreet* en leef in die *nou* en die *hier*, maar ook in ’n sprokieswêreld van *verbeelding* waarin ruimte en tyd nog ongedifferensieërd is. Sy naiewe tydsbeleving gaan teen sy vierde skooljaar oor in ’n definitiewe tydswete, al is dit biologies gefundeer in die sin van kind-vader-grootvader. Sy sprokieswêreld vorm die uitgangspunt vir die eerste historiese belangstelling wat teen sy negende jaar in historiese nuuskierigheid ontwikkel. Hy openbaar ’n drang om sy lewenservaring te verbreed, besef dat daar ook „ware” verhale is, en dat ’n verhaal ’n begin en einde het. Die kind vertoon tekens van belangstelling vir die ouderdom van dinge, soos geboue en oumense en begin om te besef dat „die verlede” in die hede kan reik deur die aanskouing van ou ruïnes, monumente en geboue. Ook kan hy hom „verplaas” in die gees en kleredrag van vroeër tye en speel

34. F. A. van Jaarsveld en J. I. Rademeyer, *Teorie en Metodiek vir Geskiedenis onderrig*, Johannesburg, 2e druk 1966, pp. 124-135.

dit na in bv. die *Voortrekkers*. Hier moet weer beklemtoon word dat die junior skoliere in *mense* geïnteresseerd is.

Vandaar dat in sts. I en II veral „omgewingsleer” aangebied word waarin die *mense* op die voorgrond staan. Ter voorstelling van „sosiale” feite uit die verlede dien die gesproke woord, maar word aangevul deur tekening op die swartbord, illustrasies, modellering van items, dramatisering van insidente en uitstappies om oudhede te besigtig.

Die vyfde en sesde skooljaar (sts. II en IV) is ’n tyd van uitlewing na buite deur die kind, waarin ’n toenemende tydservaring en tydsdifferensiering intree in die vorm van begrip vir geskiedenisjaartalle. Die kind is in staat om te onderskei tussen verbeelding en werklikheid en ’n begrip vir historiese wording breek aan. Vir die kind is dit ’n tyd van versameldrang en belangstelling vir historiese voorwerpe, die museum en die kaart. Hy begryp dat die sosiale lewe „vroeër” anders was as „vandag”, en dat die „leefwyse” en „daaglikse” lewe onder ánder omstandighede verskil van dié waaraan hy gewoon is. Die „lewe” van die veeboer-trekboer in die oop veld, en op die grense, gryp sy verbeelding aan. Lewendige vertelling, dramatisering, aanskouingsmiddels, die oorhoofse projektor, kaarte, prente, modellering en historiese voorwerpe kan die lewe van die mens aanskoulik maak en hom tot lewe wek. Daar moet egter onthou word dat dramatisering of modellering nooit ’n doel in sigself mag word nie, maar dien as middel tot ’n doel, nl. om te leer, te verstaan en kennis oor te dra.

In ’n diskussie-klas kan die leerlinge self uitpluis en beredeneer *waarom* die veeboer-trekboer sy hartbeeshuise verlaat om verder te trek, kan sy probleem van afstand van die kerk en gebrek aan onderwys, die invloed van die Bybel, katkisasie, nagmaal en lewensbehoefte, die jag, kuier en verhouding tot Nie-blanke konkreet en nábelewend verduidelik word. Die modellering van ’n hartbeeshuise, ’n ossewa, ’n ruiters perd, ’n geweer, wild en ’n kerkgeboutjie kan die verlede konkreet teenwoordig stel. Kort stukkie uit óú reisbeskrywings kan die leeslus bevredig. Dieselfde geld vir die „afskied” van die Voortrekker waarin die „oorsake” deur diskussie en die oop, vrye wêreld as „doel” verduidelik kan word. Die modellering van kleredragte uit die Groot Trek, ’n kar en perde, ’n ploeg en ’n bakoond uit die vroeë pioniersgeskiedenis van die Noorde, kan as hulpmiddel dien om die lewenswyse en sosiale aktiwiteite van vroeër jare te verstaan. Groepalbums met prente kan ook nuttig te pas kom. Selfaktiwiteit van die kind is ’n voorwaarde vir die wek van belangstelling en begrip.<sup>35</sup>

Die sewende tot die tiende skooljaar (sts. V—VIII) staan in die teken van die kind se voor- en puberteitsjare waarin sy innerlike wêreld sterk geskei raak van die buitewêreld, ’n honger na lewenservaring intree en ’n toenemende differensiering van lewensaspekte. Hy word nie net bewus van die historisiteit van sy eie lewe nie, maar begin ook nadenkend

35. Vgl. W. M. Münter, *Geschichtsunterricht und Schüleraktivität*. A. Henn Verlag, Ratingen bei Düsseldorf, 1965.

staan teenoor die wêreld van die verlede wat hy in sy tydelikheid begryp. By die jongmens ontwaak 'n sin vir tydperke en gevoel vir tydskenmerke, tydstyl en tydsatmosfeer, wat tot 'n beter begrip kan lei waar dit om lewenswyse en verhoudinge gaan. Die kind ontwikkel 'n belangstelling vir sake van kultuur-historiese en sosiale aard, begryp motiewe wat mense in die verlede beweeg het en ontwikkel 'n nasionale besef, gevoel sy verbintenis met land en volk en vereenselwig hom met sy lotgevalle.

Wat die onderrig van die „sosiale” aspek van die geskiedenis betref, kan die onderwyser deur sy lewendige voordrag, diskussie-klasse en biblioteekopdragte die leerling 'n veel beter begrip bybring van die mens in sy samelewingsverbande, afhanklikheidsverhoudings en konkrete lewenswyse. Waar dit oor die ontdekking van diamante en goud gaan, en maatskaplike gevolge ter sprake kom, kan na analogie van die *eie* ervaring in ons stedelike omgewing die vraagstuk van die mynkamp in 'n eenvoudige, landelike Boeresamelewing verduidelik word asmede die ontwrigtende invloed wat dit op die stambantoe uitgeoefen het. As die leerling *bewus* is van sy *eie tyd*, word die verlede vir hom begrypplik, — dit was net 'n ander „hede” wat nou tot „verlede” geword het.

Die elfde en twaalfde skooljare (sts. IX en X) van die jongmens word gekenmerk deur sy oorgang na volwassenheid, die adolossensie. Hy is nou in staat om self na te dink oor historiese verhoudinge en kom tot begripsvorming en abstraksie. Hy besin oor die lotsbestemming van sy volk, oor verlede, maar ook oor toekoms en hede, waarin waardevrage gestel word. Die leerling verstaan ideologiese stryd, en stel nie net in politieke vraagstukke belang nie, maar ook in ekonomiese, sosiale en kulturele. Die onderwyser kan die leerling nou dieper begrip bybring vir die probleem van menseverhoudinge in *abstrakte* sin, wat die bloot konkrete leefwyse te bowe gaan. „Sosiale” geskiedenis in die sin van teëstellinge tussen mensegroepe, soos dit uit verstedeliking voortgekom het, is vir die jongmens toeganklik. Die onderwyser se vertelling, sy diskussie-klasse en die naslaanwerk van die leerling bly steeds die sentrale metode van kennisoordrag. Die skolier moet sake egter *belewe* om te verstaan, en hier kan die *eie tyd* ook as uitgangspunt dien, na analogie waarvan menseverhoudinge uit die verlede begrypplik word.

Prof. F. A. van Jaarsveld.